# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**8 Mei 2022**


**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**


| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jesaja 28: 23 - 29 asook Romeine 11: 33 - 36 |
| **Tema** | ***Die Here werk onderskeidend in Sy oordeel met genade*** |
| **Sang** | Psalm 147: 1, 5<br>Skriflesing 12-3: 1, 2<br>Psalm 105: 6, 21<br>Psalm 89: 12, 13<br>Lied 184: 1, 3, 4 |

Jesaja verkondig in 710 vC dat die Here se geduld met Sy volk opgeraak het. Om die waarheid in te skerp gebruik Jesaja 'n gelykenis. In hierdie gelykenis is die Here die boer. Israel is die saailand en elke mens is een of ander saad wat geoes word. Die Here gaan hard met die 10 stammeryk wees. Hulle het 'n bondgenootskap met Egipte gesluit. Hulle het die Here nie meer vertrou nie en afgewyk van sy gebooie. Die swaar oor hulle pad kom is omdat hulle in ongehoorsaamheid volhard. Hierdie gelykenis is 'n oproep tot berou en bekering. Die "Boer" gaan hulle lewe oopskeur en omdolwe met sy ploeg. Die boer hou op met ploeg om die grond gereed te maak vir die oes.

En dan begin Hy plant. Verskillende soorte saad val op die voorbereide grond. Elkeen word anders geplant en uiteindelik geoes. Hierdie gelykenis is genadeverkondiging aan ons. Baie het swaar gedra aan hulle laste die afgelope 2 jaar tydens die pandemie en die inperking. Elkeen van ons se kruis is anders. Koring word hardhandig hanteer om die korrels en die kaf te skei, want die doel is om brood te produseer. Komyn word weer in die hand vasgehou en met 'n stok uitgeslaan. Die troos en die boodskap van die gelykenis is dat die Here ons almal toets. Hy wil ons nie vernietig nie, maar werk seënend in die gebeure van elke dag. Beproewing oor jou pad is suiwerend. Jy sal nooit bo jou kragte getoets word nie. Romeine 11 vers 33 ev leer ons dat God se denke so anders as ons eie denke is. Sy beproewings bring geloofskrag.

Ons lees van die ploeg in Jesus se lewe ter wille van ons. In Psalm 129 lees ons dat Jesus se rug 'n ploegland gemaak is, deur die houe van die sweep. Hy ly en word fyngetrap op God se dorsvloer. Sy lewe word omgekeer sodat Hy in die graf kom en daar 'n ommekeer bewerk deur uit die dood op te staan. Die apostel Paulus leer ons in 1 Kor 15 dat Jesus Christus die eersteling van die oes word met die opstanding. En nou gee Hy aan ons die Heilige Gees om ons deur die oesproses van die lewe te neem.

Niks en niemand op aarde is volmaak nie. Pasop vir selftevredenheid in jou geloof. Bly en wees nederig op jou knieë. Die Here se ploeg werk en op Sy dorsvloer sal uiteindelik elke mens tot verantwoording geroep word oor die vrugte wat ons gedra en geproduseer het.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here dat tannie Esther Venter goed vorder na die operasie en bid Sy seën op die genesing toe.

* Tannie Lettie Coetzee was die afgelope week met longprobleme in die hospitaal en ons bede is dat die liggaamskrag gou sal optel.

* Ons bid saam met Heila Lessing in verband met ma, Nolene Riley, se gesondheidtoestand. Ons bede is dat die Here vir julle uitkoms sal gee.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 8 MEI

**Diensbeurt: B3 PEMPS**

**Katkisasie: Les 10**

**Ouderling: Hendrik vd Walt**

**Diaken: Comin vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**8 Mei 2022**
Madeleen Korff
Nadia Kotze
Sarie Kotze
Riana Olivier
Chandre Olivier

**15 Mei 2022**
Valerie O'Reilly
Chrisna Stander
Megan vd Merwe
Marina vd Walt

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# HEMELVAART DAG DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 26 Mei 2022 om 18:00 sal hê.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 8 Mei 2022 | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| 10 Mei 2022 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 11 Mei 2022 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 11 Mei 2022 | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 12 Mei 2022 | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 12 Mei 2022 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 8 Mei | ***Marie Seegers ***** | ***80*** | ***B*** | 082 460 8264 |
| Ma 9 Mei | Annemarie Bakker | 63 | B | 082 484 6267 |
| Di 10 Mei | ***Hendrina Vermaak *****<br>***Dina O'Reilly ****<br>Francois Pretorius | ***88***<br>***74***<br>46 | ***B***<br>***B***<br>B | 082 968 9813<br>082 554 2277<br>074 145 8923 |
| Do 12 Mei | Ben Bronkhorst<br>Carlien Slabbert | B<br>B | 23<br>19 | 071 297 5508<br>082 684 5145 |
| Vr 13 Mei | ***Sieg Venter ****<br>Theuns Botha | ***B***<br>B | ***74***<br>50 | 026772857143<br>072 266 1243 |
| Sa 14 Mei | Franco Lessing | D | 11 | 083 627 4751 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 9 Mei 1981 | Theuns & Brenda Koekemoer | 41 | 082 083 1058<br>082 696 9227 |
| Do 12 Mei 2012 | Alwyn & Natania Carstens | 10 | 074 570 9357<br>072 537 4145 |
| Vr 13 Mei 1995 | Jan & Colette Albertyn | 27 | 082 895 9150<br>078 224 6734 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.*

*Hebreërs 4: 12*

# DIAKONIE

**Die diakonie se kosrakke is uitgeput en leeg.** Ons vra almal se **hulp om ons kasrakke aan te vul** en benodig die volgende items:



**Rys; mielie meel; suiker; olie; blikkies kos soos bv vis; groente; tamatie en uie sous; boontjies ens, daar is ook 'n tekort aan toiletpapier; tandepaste en badseep.**

Ons versoek lidmate om ons te help met die met bogenoemde items. Ons versorg baie gesinne van ons gemeente met die kos en ons het almal se hulp nodig.

# SUSTERS AKSIE

***Die susters bied op 27 Mei om 18:00 'n Sop-en-Sjerrie-aand aan.***

Kom kuier en eet saam aan 'n groot verskeidenheid **heerlike soppe uit ons eie Dopper-kombuise.**



***Jou toegang vir hierdie aand is slegs JOU gunsteling pot sop.***

***Skryf jou naam op die lys agter in die portaal*** as jy die onvergeetlike aand gaan bywoon en dui ook aan as jy jou gunsteling sop vir ons gaan maak.

'n Donasiekassie sal ook beskikbaar wees vir die wat 'n donasie wil maak in plaas van om 'n pot sop te bring.

***Ons sien daarna uit om met almal 'n broodtjie te breek en lekker saam te kuier.***

# GEMEENTEKAMP

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Uit Hom en deur Hom en tot Hom*
*is alle dinge.*
*Aan Hom behoort die heerlikheid*
*tot in ewigheid! Amen.*

*Romeine 11:36*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS